

7 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: DL, 2:2

### Jesus betaal vir my

Vir sonde moet betaal word, want God spreek niemand sonder meer vry nie. Self kan ons nie betaal nie – ons maak ons skuld elke dag selfs nog meer. Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy Seun as borg aan ons gegee. Jesus Christus het in ons plek gesterf en vir ons betaal. Dit is die evangelie: Jesus betaal vir my!

In Romeine 5:6 en 5:8 word ons verseker: “Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe ... God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterwe het toe ons nog sondaars was.” Elkeen wat dit glo se skuld is betaal, soos wat in vers 1 en 10 gesê word: “God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo ... Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.”

'n Moordenaar wat skuldig is en hoor dat iemand anders in sy plek sal sterf, dat iemand anders sy straf sal dra, dat iemand anders sy skuld sal vereffen, se blydskap en dankbaarheid sal geen perke ken nie! Ons is die moordenaars en Jesus het vir ons betaal. “Die Seun het vir ons of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.” Dit was dus versoening deur voldoening.

Daarom sê die Woord (vers 11): “Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.” Ons het hierdie goeie nuus al so baie gehoor, maar vir iemand wat dit glo kan dit nooit ou nuus word nie. Elke keer wanneer gelowiges hierdie goeie nuus hoor, verheug hulle hulle opnuut in God deur Christus! Gaan u dit ook vandag doen?

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~